Voluit glo en doen.
LINDEN AKADEMIE

# Handleiding

Pauli Nel
hoof@lindenakademie.co.za
www.lindenakademie.co.za
+27 72 578 5258
Sewendestraat 55, Linden, Randburg, Johannesburg

By Linden Akademie weet ons dat elke ouer die beste vir hulle kind wil hê. Ons is 'n skool wat gerig is op skoolvoorbereiding en reeds vanaf 'n vroeë ouderdom 'n ingesteldheid vir lewenslange leer kweek. Ons mantra is "Voluit glo en doen" en ons skep 'n omgewing waar jou kind geliefd voel en hulle volle potensiaal kan bereik.

Ons is ’n kindgesentreerde skool wat fokus op kleuters se holistiese ontwikkeling. Ons is fyn ingestel op die kleuters se emosionele ontwikkeling. Ons fokus op die volronde ontwikkeling van jou kind, naamlik motoriese vaardighede, emosionele intelligensie, fisiese ontwikkeling, lewensvaardighede, sensoriese spel, musiek en vele meer.

Linden Akademie se klasse is klein en sodoende kan ons aan elke kind die nodige individuele aandag gee wat hulle verdien. Hier by Linden Akademie streef ons daarna om as ’n familie saam te werk en altyd die kleuters se belange eerste te stel. Ons is doelgerig om van elke oomblik ‘n leergeleentheid te maak.





Linden Akademie is 'n plek waar jou kind kan wortelskiet, groei en floreer.

# OPERASIONEEL

**Fooie vir 2025:**

| | |
|---|---|
| Halfdag 1ste kind: | R 4050 |
| Halfdag 2de kind en meer: | R 3845 |
| Voldag 1ste kind: | R 4380 |
| Voldag 2de kind en meer: | R 4160 |

- Skoolfooie is vooruitbetaalbaar voor die 7de van elke maand.
- Betaling geskied oor 12 maande.
- ’n Addisionele R20 per maand sal vir die Snoepie gehef word.
- Gebruik asseblief julle LA-nommer as verwysing vir betalings.
- Indien julle die skool verlaat moet daar skriftelik ’n kalendermaand kennis gegee word.

Skoolfooie sluit die volgende in:
- 4 jaar:  Robotika
- 5 jaar:  Robotika, Experi-Maatjies en Lego
- 6 jaar (graad R): Robotika, blokfluit, Mini-skaak en Lego

**Tye**:
- Die skool is oop vanaf 07:00 tot 17:00.
- Geen kleuter sal voor 07:00 op die skoolperseel toegelaat word nie.
- Tussen 07:00 en 07:30 wag hulle in die wagklas todat die res van die juffrouens om 07:30 arriveer.
- Halfdag kleuters moet teen 14:00 afgehaal word.
- Voldag kleuters moet teen 17:00 afgehaal word.

**Vakansies en vakansieskool:**
- Linden Akademie volg die Departement van Onderwys se skoolkwartale.
- Ons is dus skoolvakansies gesluit.
- Daar is wel betaalde vakansieskool beskikbaar.
- In die Junie vakansie is die skool een week gesluit en dus ook geen vakansieskool nie.

**Vakansieskoolfooie:**
- Halfdag: 1'ste kind: R 150 per dag
- Halfdag: 2'de kind en meer: R 100 per dag
- Voldag: 1'ste kind: R 200 per dag
- Voldag: 2'de kind en meer: R 150 per dag

Daar word ’n vakansieprogram gevolg en die kleuters geniet dit altyd baie.

**Kos**
Linden Akademie voorsien nie kos nie. Die ouers pak ‘n gesonde kosblik in. Ons verkies lae GI-happies soos byvoorbeeld,  broodjies, vrugte, joghurt, soutkoekies, biltong ensovoorts. ’n Oorskietkossie van gisteraand is ook welkom - ons maak dit graag vir die kleuters warm.

**Snoepie**
Daar sal elke Vrydag ’n snoepie wees waar die kleuters vir hulle R5 se lekkertjies kan kom “koop”. Ons sien hierdie as ’n leergeleentheid en dus gaan ons elke week vir die kleuters ’n R5 gee waarmee hulle snoepie toe kan gaan. Let wel, die snoepiegelde (R20) word op die skoolfondsfaktuur gehef en dit sal nie nodig wees om op ’n Vrydag geld te stuur nie.

**Skryfbehoeftes**
Slegs die graad R’e het ’n skryfbehoeftelys wat deur die ouers voorsien moet word. Hierdie lys sal betyds aan ouers gekommunikeer word.

**Instappies**
Instappies word deur die skool gereël. Die fooie van die instappies sal betyds aan die ouers gekommunikeer word. Slegs die graad R’e gaan op uitstappies.

**Wat moet in die kleuters se tasse wees**
- Daar moet elke dag ’n ekstra stel klere in die kinders se tasse wees.
- Die kleiner maats kan ook meer stelle kleertjies hê.
- ’n Warm top vir wanneer die weer verander.
- Ons verkies dit dat die kinders in die somer ’n hoed / pet tydens buitespel dra. Los dit sommer permanent in die tas.
- Smeer asseblief voor skool die kleuters se gesiggies by die huis met sonroom in.
- ’n Waterbottel – elke klas het ’n waterkan waar die kleuters hulle bottels met koue water kan volmaak.
- ’n Kosblik met gesonde kossies.


Sorg asseblief dat alle items gemerk is.

**Kleredrag vir skool**
- Ons vra dat die kleuters gemaklik vir skool aantrek.
- Indien die dogtertjies rokkies dra, moet hulle asseblief ’n kortbroekie / rekbroek onder die rokkie dra.
- Kaalvoet is die heel beste vir die kleuters se ontwikkeling.
- Dogtertjies se hare moenie in hulle gesigte hang wanneer ons werk en speel nie.

**Speelgoed**
Die kleuters mag nie van hulle eie speelgoed skool toe bring nie. Dit veroorsaak net onnodige ongelukkigheid.

**Siekte**

Ons versoek dat kleuters asseblief tuis gehou sal word as hulle een van die volgende onder lede het:



- Wanneer die kleuters koors bo 37.4 het.
- Wanneer die kleuters diaree het.
- Wanneer die kleuters braak.
- Wanneer die kleuters boonste lugweginfeksie het.
- Wanneer die kleuters brongitis / longontsteking het.
- Indien die kleuters 'n seer keel met opgeswelde kliere het.
- Indien die kleuter enige ooginfeksie het.
- Indien die kleuter enige aansteeklike kindersiekte het.
- Indien die kleuter kopluise of nete in die hare het.

**Wanneer kleuters antibiotika drink moet hulle die eerste 48 uur by die huis bly.**

**Medikasie**

- Volgens die Departement van Onderwys se reëls, mag skole nie medikasie aan kinders toedien nie.
- **Die enigste gevalle waar ons wel medikasie toedien:**
- Wanneer die kleuters 'n baie hoë koors het – 38 grade en op.
- Indien die kleuters 'n allergiese reaksie toon bv. bye.
- Medikasie sal slegs toegedien word indien die ouers skriftelik toestemming gegee het. Hierdie toediening van medikasie word dan in 'n spesiale register aangeteken. Slegs die skoolhoof sal medikasie toedien.
- Laat weet asb. die skool van enige allergieë wat die kleuters mag hê.



**Veiligheid**

**Hek**

- Die hek moet ten alle tye toe wees.
- Die kode van die hek sal aan die ouers gekommunikeer word.

**Reëlings rondom kinders kom haal**

- Indien die ouers nie self die kleuters kom haal nie, moet dit skriftelik in 'n boodskap, aan die klasjuffrou gekommunikeer word.
- Daar moet ook 'n foto van die persoon wat die kleuter kom haal gestuur word.
- Geen kleuter sal aan iemand gegee word indien dit nie vooraf met die klasjuffrou gereël is nie.

# OPVOEDKUNDIGE PROGRAM

**Temas**

- Die temas wat in die klasse gevolg word, sal met die ouers gekommunikeer word.
- Die meeste van ons temas strek oor twee weke.
- Wanneer ons met 'n tema besig is, mag die kleuters voorwerpe / boeke vir die tematafel saambring.

**Dagprogram**

**2- tot 3-jariges**

| | |
|---|---|
| 07:30-08:30 | Vryspel in die klas |
| 08:30-09:00 | Eettyd en toiletroetine/doeke ruil |
| 09:00-10:00 | Mattyd en skeppende aktiwiteite |
| 10:00-11:00 | Buitespel |
| 11:00-11:30 | Eettyd en toiletroetine/doeke ruil |
| 11:30-14:00 | Slaaptyd |
| 14:00-14:30 | Happietyd |

**4- tot 5-jariges**

| | |
|---|---|
| 07:30-08:30 | Vryspel in die klas/toiletroetine |
| 08:30-09:15 | Temabespreking en matwerk |
| 09:15-10:00 | Skeppende aktiwiteite en perseptuele speletjies |
| 10:00-10:30 | Beweging/musiek |
| 10:30-11:00 | Toiletroetine en eettyd |
| 11:00-12:30 | Buitespel |
| 12:30-12:45 | Storietyd |
| 12:45-13:00 | Oppak en groet |

**Graad R**

| | |
|---|---|
| 07:30-08:00 | Vryspel in die klas / toiletroetine |
| 08:00-08:30 | Matwerk |
| 08:30-09:00 | Georganiseerde aktiwiteite (Wiskunde / Taal / Lewensvaardighede) |
| 09:00-10:00 | Temabespreking en skeppende aktiwiteite |
| 10:00-10:30 | Eettyd en toiletroetine |
| 10:30-11:00 | Musiek / Beweging |
| 11:00-12:00 | Buitespel |
| 12:00-12:30 | Georganiseerde aktiwiteite (Wiskunde / Taal / Lewensvaardighede) |
| 12:30-13:00 | Storietyd, oppak, groet |

**Vorderingsverslae**

- Die 2-jariges kry in Maart 'n **Aanpassingsverslag**, in Junie 'n informele **Vorderingsverslag** en in Desember 'n volledige **Vorderingsverslag**.
- Die 3- tot 5-jariges kry in Maart 'n **Aanpassingsverslag** en in Junie en Desember 'n volledige **Vorderingsverslag**.
- Die graad R'e kry elke kwartaal 'n volledige **Vorderingsverslag**.

**Bak en brou**

Bak en brou vind twee keer 'n maand plaas – gewoonlik saam met die laaste Vrydag van die betrokke tema. Daar is geen ekstra fooie hieraan gekoppel nie.

**Verjaarsdagpartytjies**

Julle is welkom om by die skool vir die kleuters 'n klaspartytjie te hou. Ons versoek net dat daar nie suigstokkies in die kleuters se lekkergoedpakkies moet wees nie.

**Afwesighede**

Indien 'n kleuter afwesig is moet julle asseblief die klasjuffrou daarvan in kennis stel.

Dit is veral baie belangrik indien daar vermoed word dat die kleuter moontlik 'n aansteeklike kindersiekte mag hê.

**Kommunikasie**

- Kommunikasie geskied op die klas se Whatsapp-groepe.
- Formele kommunikasie vanaf die skool word op dieselfde groepe geplaas.
- Daar word ook per e-pos gekommunikeer.



## Hou ons bedrywighede dop!

Linden Akademie Pre-primêr

linden.akademie